Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 4, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# MAAR NET 'N SOLDAAT (II)

**This Biography on the war experiences of the late Mr C.J.H. Griesel has been compiled by his daughter Mrs P.J. Kleinhans and will be published in four parts.**

**It covers the period 1899–1902 and deals with his personal experiences during the Second War of Independence.**

**Die biografie oor mnr C.J.H. Griesel, alom bekend as oom Kassie, is saamgestel deur sy dogter mev P.J. Kleinhans, beter bekend as tannie Nellie Kleynhans, wat tans op Bothaville woon. Die wedervarings van die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) word weergegee soos wat haar vader dit aan haar meegedeel het.**

## Hoofstuk 6

Toe die laer en die klomp tommies, wat ons by Koppies gevang het, oor die spoorlyn was, het ons die spoorlyn opgebreek en terwyl ons nog daarmee besig was, het daar 'n trein van Koppies se kant gekom. Ons het haastig posisie ingeneem en gesien dat die trein by die breekplek tot stilstand kom. Ons het die spulletjie 'n rukkie bekyk, maar daar was 'n doodse stilte by die trein.

Kommandant Froneman skree toe vir ons: "Ag, kêrels, vang hom sommer met die hande!" Ons het nie op ons laat wag nie, maar toe ons by die trein kom, was dit vir jou 'n gedoente. 'n Hewige geweervuur het oor ons losgebars, want dit was al die tyd 'n gepantserde trein. Gelukkig het die tommies soos gewoonlik te hoog geskiet en hoewel ons halsoorkop die aftog moes blaas, het ons weer ongedeerd daarvan afgekom. Die enigste ergernis was dat ons perde die loop geneem het. Sommige van die burgers het hulle perde eers die volgende oggend in die hande gekry.

Ons het toe met die Renosterrivier opgetrek tot by Posdrif, waar ons 'n paar dae gerus het. Hier het generaal de Wet die burgers weer toegespreek en hulle aangemoedig om die stryd voort te sit. Die generaal het ernstig gepraat, want daar was nog burgers wat die verloop van die Natalse veldtog nie kon aanvaar nie. Gelukkig het hierdie grief met die tyd bedaar en ek weet persoonlik van kêrels wat weer die wapen opgeneem en met ywer die stryd aangepak het.

Na die toespraak van die generaal het Karel Serfontein, wat bekend was vir 'n platjie, ook ewe plegtig op die wa geklim en gesê: "Kêrels julle moet moed hou. Onthou dat die Engelse nou voor is en ons moet van agteraf op hulle sterte trap. Maklik genoeg nê".

'n Grappie op sy tyd het bepaald sy waarde. Karel se "toespraak" was van alle erns ontbloot, maar hy het die burgers lekker laat lag en ook terselfdertyd die gees van kameraadskap en die gemeenskaplike doel op 'n aangename manier beklemtoon. Sy grappie was myns insiens 'n mooi afronding van die toespraak van die generaal.

Na 'n paar dae se rus het ons in die rigting van Lindley begin trek en die vyand moes die ding agtergekom het, want daar het 'n klomp vanaf Kroonstad uitgetrek om ons te keer. By Doornkloof was daar toe 'n ligte skermutseling, maar ons kon niks meer doen as om die Engelse 'n bietjie terug te hou nie, sodat die laer kon verbykom.

Terwyl die skietery aan die gang was, het twee burgers eenkant toe gery en op 'n veilige afstand op hulle perde gesit. Ek en 'n maat van my wat uitgestuur was om te spioeneer en aan die terugkom was, het die twee gesien. Maar gelyktydig het ons ook gesien hoe die witperd van die generaal op hulle afpyl. Die bymekaarkomslag was warm, maar 'n mens kon jou lag nie hou nie. Die generaal het dadelik sambok ingelê. Dit was een hou vir die man en een vir die perd. Toe die twee goed op vaart in die regte rigting was, het die generaal die witperd net so omgepluk en daar kom hy reguit na ons toe. Vir 'n paar oomblikke het ons nogal ongemaklik gevoel. Die generaal was kwaad en die vraag was of hy ons

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 4, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

witbande betyds sou raaksien. Hy het egter net haastig kom verneem of die wêreld nog veilig was in die rigting vanwaar ons gekom het.


Toe die laer veilig verby was, het ons maar padgegee en na Bethlehem getrek. Die generaal se plan was om daar 'n geveg aan te knoop en na ons aankoms daar, is die mense dadelik aangesê om die dorp te ontruim. Die inwoners het die dorp halsoorkop verlaat. Sommige met kar en perde, ander te voet en ek het selfs gesien dat hulpelose vrouens hulle kindertjies in 'n stootwaentjie sit en so wegvlug.

Ons het toe stelling ingeneem in die rante by Bethlehem en dit moes haastig gaan, want die Engelse was op ons hakke. Die geveg was egter van korte duur want die oormag was te groot. Aan mense lewens had ons geen verlies gehad nie, maar ons het 'n klompie perde verloor. Na gewoonte was die perde agter die rant in 'n kring gelaat, met 'n paar man om hulle vas te hou. 'n Vyandelike bom het toe oor die rant getrek en mooi tussen die perde te lande gekom. Een-en-twintig van die diere is gedood en beseer en die manskappe wat daar diens gedoen het, was net gelukkig dat hulle nie getref is nie.

Met ons terugtog moes ons oor so 'n spits koppie gaan en net toe ons mooi bo-op en in volle sig van die vyand was, gewaar die generaal dat sy perd se een voorytser los was. Doodbedaard het hy Krisjan Bester geroep en hom beveel om die yster af te trek. Krisjan het dit gedoen en baie gou ook, maar toe ons onder kom het hy aan my gesê dat hy nog nooit in sy lewe so sterk was nie. Hy het die yster vasgevat en met een pluk losgebreek.

Daarvandaan het ons getrek na Witzieshoek. Daar was al verskeie kommandos saamgetrek en ons was die laaste wat daar aangekom het. Dit was 'n goed geleë plek en in die paar dae wat ons daar vertoef het, het die vyand wel probeer om ons aan te val, maar dit weer gestaak. Hulle moes opgesien het teen die kaal vlaktes waaroor hulle moes kom en was ook seker bewus daarvan dat ons uitstekend verskans was.

Terwyl ons daar was, het president Steyn ons toegespreek en aangespoor om te volhard in die stryd. Aan die wat getrou sou bly tot die einde, is vyf sjielings per dag belowe.



***President M.T. Steyn***

Na 'n paar dae is daar besluit dat die kommandos weer moes uittrek. Ek is toe weer saam met die kommando van generaal de Wet. Generaals Roux en Prinsloo het daar agtergebly.

Ons kommando het toe koers gevat in die rigting van Vredefort en die Engelse het ons dadelik agtervolg. By Lindley het ons vir die eerste keer slaags geraak, maar dit was weer eens 'n baie ongelyke stryd. Met net klein gewere was ons nie bestand teen so 'n oormag wat ons met grofgeskut getakel het nie, en ons moes maar weer die aftog blaas.

Met hierdie geveg het oom Hennie Jordaan, van die plaas Koppie-alleen vermis geraak. Veldkornet Olivier kon met sekerheid sê dat oom Hennie deur 'n stuk bom getref was en dat hy in die haas net die vuur in sy klere doodgemaak het. Maar of hy nog geleef het, kon hy nie sê nie. Daar is in elke geval nooit weer 'n spoor van hom gevind nie. Heelwat later, toe ons een dag uit was om te spioeneer, het ek oom Hennie se vrou in die veld teëgekom. Sy en nog 'n vrou het myle te voet afgelê om met ons in aanraking te kom. Sy het my toe smekend gevra om tog te gaan uitvind wat van hom geword het, of waar sy graf was as hy dan dood is.

Ek het haar toe beloof dat ek en Jan Taljaard ondersoek sou gaan instel sodra daar 'n kansie kom. Ons het ondersoek ingestel, maar die enigste inligting wat ons kon kry was van 'n naturel wat daar naby gewoon het. Hy het vertel dat die Engelse die baas saam met met hulle dooies en gewondes na Lindley geneem het. Ons vermoede was toe, en is vandag nog, dat hy wel dood was en saam met die vyand op Lindley begrawe is. Niks is egter met sekerheid vasgestel nie en ek het die vrou waarlik jammer gekry toe ek die onbevredigende verslag aan haar moes doen.

Met ons trek vanaf Lindley het ons by Serfonteinhalte weer by die hoofspoorlyn gekom en daardie nag het ons die spoorlyn weer gebreek. Toe ons daar aankom, was alles doodstil en ons het die spoorlyn op ons gemak gebreek. Daarna het ons aan die anderkant van die spoorlyn gaan lê en gewag dat 'n trein moes opdaag. Toe dié later opdaag, het alles weer voor die wind gegaan. Die trein is gebuit en ons het gevind dat dit 'n voorrade-trein was met baie ammunisie en baie drank.

Vir die Hollanders wat by ons was, moes dit 'n ware oase in die woestyn gewees het, want in 'n klein rukkie het hulle die veiligheidsmerk oorskry. Die generaal het dit gesien en beveel dat die vate met drank stukkend geslaan moes word. Dit is dadelik en vinnig gedoen, want die Engelse was alweer op ons hakke en ons moes padgee. 'n Klompie van die Hollanders is daar gevange geneem; hulle was net nie in staat om ons te volg nie.

Ons het koers gekies na Vredefort se rante, maar voor ons hierdie posisie bereik het, is 'n deel van ons laer gevang, waaronder ook die meelwaens. Daar in die rante was ons goed verskans en het ons die vyand vir nege dae teruggehou. Ons het nie veel ongevalle gehad nie, maar die tommies het dit warm gehad wanneer hulle oor die vlakte moes storm. Ek reken dat hulle verliese aansienlik was.

Daar het toe tyding gekom dat 'n groot Britse mag in aantog was vanaf Potchefstroom se kant en ons het gereed gemaak om die rante te verlaat, want dit sou weer eens 'n te groot oormag teen ons wees. Ten tye hiervan was ek op 'n hoogte as brandwag geplaas en ek sien toe dat die generaal na my aangery kom. Toe hy verneem hoe dit lyk, het ek hom gewys hoe die Engelse al deur Vredefort trek. Hy vra toe waar kommandant Steenkamp en sy mense was en ek het hom gewys waar hulle in die poortjie lê. "My magtig", het die generaal uitgeroep, "die Engelse sal hom mos daar vang. Vat hierdie rapport, man, en bring dit gou vir hom, maar daar sal nie tyd wees om onder skuiling te ry nie, jy sal maar sommer regdeur moet jaag".

Ek het die rapport geneem en my perd die spore gegee, maar ek het skaars weggespring of die generaal roep my terug. Toe ek by hom terug was, vra hy ewe doodbedaard of ek nie pruim tabak by my het nie. Nou kyk, ek het 'n gewigtige opdrag verwag en elke oomblik wat ek vertraag word, het die rit wat ek so oop en bloot moes aflê, gevaarliker gemaak. Maar wat moet jy doen as dit jou generaal is.

Hoe suinig ons ook destyds met 'n stukkie tabak gewerk het, het ek nie kans gesien om te wag dat 'n pruimpie afgesny word nie. Ek het my hele stuk tabak uitgepluk en net so aan hom gegee. Ek wil hier net byvoeg dat die gewoonte om te pruim destyds baie algemeen geword het, omdat dit in die nag te gevaarlik was om te rook. Die trek van 'n vuurhoutjie of selfs die kooltjie van 'n sigaret of pyp was genoeg om ons posisie aan die vyand te verraai.



***Kmdt G.S. Scheepers in die tronk te Graaff-Reinet***

Maar om terug te keer, ons is toe almal veilig uit die rante uit en het met die Vaalrivier opgetrek tot onderkant Vanvorenskloof. Daar was nie 'n drif nie en ons is sommer so deur die rivier. Toe

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 4, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

ons oorkant in Vanvorenskloof optrek, het ons gemerk dat daar baie bobbejane in die rant is. Nuuskierig soos die ou nasie maar is, was hulle almal op die hoogste plekke om te sien wat aangaan.

Die Engelse moes hulle aangesien het vir mense, want kort-kort het daar 'n bom tussen hulle gebars. Dan kon jy net sterte sien soos hulle vlug, maar sommer gou was hulle weer op hul uitkykposte. Hulle ongevallesyfer moes seker hoog gewees het, want naderhand het van hulle tussen ons ruiters galop. Vir die grap het ons na hulle gemik en hulle het die bekende bôgom laat



***Verhoor en teregstelling van Kommandant Gideon Scheepers op 18 Januarie 1902 te Graaff-Reinet tydens die Anglo-Boereoorlog***

hoor, maar daar was nie veel dreigement in nie. Verder aan het hulle weer in die rantjies verdwyn.

Ons was op koers na Magaliesberg en by Olifantnek het ons weer teenstand gebied. Ons het die nek vir 'n paar dae gehou sodat die laer kon verbykom en ook 'n ent kon vorder. Die trekdiere was teen hierdie tyd gedaan en dit het maar stadig gegaan.

Toe ons Krokodilrivier deur was, het ons geswaai in die rigting van Pretoria na die soutpan. Daar is krygsraad gehou en daar is besluit dat generaal de Wet moes omdraai met tweehonderd Bethlehemmers en kaptein Scheepers met sy spioenkorps. Gerugte moes oral versprei word dat die generaal terugtrek, want daar is gereken dat die vyand dan alle aandag aan die terugtrekkende generaal sou gee.

Dit het dan ook gebeur soos ons verwag het. Die Engelse het ons dadelik agternagesit en ons teen Magaliesberg vasgekeer voordat ons Olifantsnek kon bereik. Dit was in die aand en die Engelse moes gemeen het dat ons deeglik vasgekeer was en daar is nie juis geveg nie. Hulle het wel so 'n bietjie op ons geskiet, maar toe kaptein Scheepers en sy korps hulle begin terugtakel, het hulle houtgerus gaan laertrek in afwagting vir die vangs wat hulle die volgende oggend sou maak.

## Hoofstuk 7

Soos algemeen goed bekend, was die generaal nie 'n man wat hom laat vaskeer het nie. 'n Plan moes gemaak word. Ons het 'n ou naturel wat daar naby gewoon het, raakgeloop en van hom verneem dat daar vroeër jare 'n voetpad oor die berg was. In daardie jare was dit bekend as 'n baie moeilike paadjie en wat die toestand daarvan nou was, kon hy ons nie sê nie.

Generaal de Wet het hom toe gevra of 'n bobbejaan daar sou kon oorkom en die ou het skouerophalend geantwoord dat hy nie weet nie. Hy is toe dadelik gehuur, van 'n perd voorsien en beveel om op te klim en ons die pad te wys. So het die trek oor die berg begin sonder dat die Engelse iets agtergekom het. Hulle het dit ongetwyfeld as onmoontlik geag dat ons oor die berg kon ontsnap.

Dit was in elke geval 'n nagmerrierit. Met kaptein Scheepers en sy korps as agterhoede, het ons stadig die berg uitgesukkel. Op sommige plekke was die deurgang uiters nou met 'n krans aan die een kant en 'n afgrond aan die ander kant. By dié plekke moes die pakperd aan die stert van die ryperd vasgemaak word om te verhoed dat hulle mistrap en aftuimel, want die diere was baie senuagtig. Een van die handperde het toe ook gegly en in 'n skeur beland. Ons kon sy gekreun daaronder hoor en het ons bes gedoen om hom te probeer doodskiet. Vure is afgegooi om eter te kan sien, maar tot ons spyt kon ons die dier nie in die oog kry nie.

Toe ons op die bopunt van die berg kom, het die voorste burgers wat al besig was om af te sak en dus nie meer deur die vyand gesien kon word nie, vure gemaak om die trek van lig te voorsien. So teen drie-uur die oggend was ons oor die berg. Die generaal het toe verlof gegee om te slaap en ons kon dit met geruste harte doen want dit was net buite die kwessie dat die tommies ons die oortog kon nadoen.

Toe dit begin lig word sou ons agterkom dat ons naby 'n opstal was en terselfdertyd het ons ook 'n groot lemoenboord gewaar. Dit was 'n aangename vooruitsig en die eienaar het self kom aanbied dat die burgers soveel kon eet as hulle wil en kon saamneem soveel as wat hulle kon wegkry. Hy het ook vir ons vet slagvee gestuur en sodoende gesorg dat ons 'n aangename verposing gehad het.

Lank kon ons natuurlik nie daar bly nie en die trek het voortgegaan met die spioene aan die voorpunt in klompies van drie en vier. So het twee van ons op 'n dag saam met die kaptein gery toe ons drie perderuiters ewe doodluiters sien aankom. Ons het dadelik gemerk dat dit Engelse was, maar kaptein Scheepers het ons beveel om op dieselfde stappie aan te hou ry, reguit na hulle toe. Tot ons verbasing het hulle houtgerus nader gekom tot feitlik by ons sonder om onraad te merk. Eers toe die kaptein skree: "Hands up!" het hulle die toedrag van sake agtergekom. Een van hulle het 'n verblufte "Oh Lord!" laat hoor, maar dit was ook al.

Dit kom toe uit dat hulle tweehonderd manskappe van Krugersdorp af verwag het en onder die salige indruk verkeer het dat dit hulle eie mene was wat aan die kom was. Ons het die drie toe saamgeneem en getrek tot by 'n klein stasietjie naby Gatsrand. Daar was 'n Britse mag gestasioneer en generaal de Wet het 'n rapport aan die vyand gestuur om oor te gee. Hulle het egter geantwoord dat daar geveg gaan word.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 4, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Dit het ons nie juis op daardie tydstip gepas nie en opdrag is gegee dat ons in verspreide orde moes uittrek na die anderkantse rante. Die drie Engelse het ons daar gelos, maar hulle perde, saals en tooms en gewere was hulle kwyt. Toe die eerste burgers hulle verskyning maak met die uittrek, het die vyand geweldig op hulle losgebrand en het so aangehou totdat ons almal die oorkantse rante bereik het, sonder dat iemand raakgeskiet is.

By Gatsrand, die stasieplek van Danie Theron, het ons die nag oorgebly. Daar het ons weer slaggoed gekry en 'n bietjie gerug.



***Kaptein D. Theron***

Die volgende oggend het ons na Schoemansdrif getrek. Ons het daar 'n rukkie vertoef, sê nou so twee ure, toe kry ons die treurige tyding dat Danie Theron gesnuewel het. Dit was vir almal 'n skok, want met ons vertrek van Gatsrand af, sowat vier of vyf uur gelede, het ons hom fris en vol lewe agtergelaat en hy was juis ook besig om klaar te maak om weer verder te trek.

Generaal de Wet het hierdie verlies baie ter harte geneem. Op Schoemansdrif het ons weer 'n paar dae oorgebly en daar is toe besluit dat ons ons voortaan sou toespits op die hoofspoorlyn en dit verbreek net waar en wanneer ons kon. Vier burgers sou in die nag gestuur word om die spoorlyn op te blaas. Hulle moes dan aan die anderkant van die spoorlyn bly, die volgende nag op 'n ander plek oorkom en die spoorlyn ook daar opblaas.

Nie ver van Koppies af nie, het ons die spoorlyn begin opbreek. Die eerste vier wat uitgestuur is, was Jan Taljaard, ekself, Piet Uys en nou het ek ongelukkig die vierde man se naam vergeet. Met die ry na die spoorlyn toe moes ons naby die huis van mense wat ek goed geken het, verbygaan. Ek het wel gehoor dat die man nie op kommando was nie en by die huis gesit het, maar sy vrou was verlangs familie van my en ek wou haar graag sien. Ek het ook die hoop gekoester dat sy nie haar man se sienswyse gedeel het nie.

Ons het daar aangery en ek het my drie maats gevra om voor die deur te wag terwyl ek vir 'n oomblikkie ingaan. Toe ek klop het 'n jong seun die deur kom oopmaak en hy het taamlik verskrik gelyk. Ek dag toe dat dit was omdat hulle al geslaap het en het my nie verder aan hom gesteur nie. Na 'n rukkie het die man se ou moeder haar verskyning gemaak en die oomblik toe sy my sien het sy uitgeroep: "Moet my tog nie skiet nie, jy dra 'n geweer en ek is ongewapend!" Ek het my bitterlik vererg. Ons het mekaar soveel jare geken en hierdie toneelspelery kon net een ding beteken: sy was 'n inkruiper by die vyand!

Ek het haar nie geantwoord nie, maar net kortaf gevra waar die vrou van die huis was. Met 'n houding asof alles verlore was, het sy met 'n slap hand na die kamerdeur gewys en ek het ingestap. Die vrou het in die bed gelê, maar voor ek haar gegroet het, het ek die duik in die kussing langs haar gesien. Ek het byna uitgebars van die lag, want ek wis toe dat die knaap onder die bed lê.

Ek het toe op die kant van die bed gaan sit en ons het hiervan en daarvan gesels want ek was nogal bly om haar weer te sien en sy nie minder nie ten spyte van die spanning wat sy moes uitstaan. Naderhand het ek haar reguit gevra waar haar man was en daar gaan sy bitterlik aan die huil: "Dit moet ek vir julle vra," sê sy toe. "Kommandant van der Merwe het hom hier weg en ek het nog nooit taal of tyding van hom gehad nie".

Die lus om te buk en onder die katel te kyk, het my byna oorweldig. Om haar onthalwe het ek dit nie gedoen nie. Sy was so openlik beangs en bevrees dat ek haar die verdere vernedering wou spaar. Ek het gery en hom in sy veragtelike lêplek gelaat. Na die oorlog het dit so gekom dat

ek dieselfde jong seun wat die aand die deur oopgemaak het, in my huis geneem het. Hy het my toe vertel dat die man daardie aand werklik onder die katel gelê het en dat hy kort na ons weg was, op sy perd gespring het en na die Engelse kamp wat daar naby was, gejaag het. Die volgende oggend was die Engelse waens daar om sy goed te laai en hy is sak en pak weg.

In elk geval, toe ons voor die deur op ons perde klim is ons reguit na die spoorlyn, wat nie ver van die huis af was nie. Ons het gou-gou die drade geknip en dinamiet onder twee lasplekke gelaai. Toe die skote afgaan het die swaar spoorstawe soos gekrulde ramhorings in die lug gestaan. Na so 'n opblasery het ons altyd gemaak dat ons vinnig wegkom, want die Engelse, vir wie hierdie spoorbrekery 'n doring in die vlees moes gewees het, het altyd gou toegeslaan.

Daardie nag was daar 'n flou maanlig en met die wegjaag vanaf die spoorlyn, het my perd 'n skadukol vir 'n gat aangesien en onverwags daaroor gespring. Met die grondvat aan die anderkant het my geweer deur die sak gestamp, maar daar was nie vir my kans om in te hou en dit op te tel nie. Dit was 'n Mauser en op sy kolf het ek my naam en adres met 'n pennemessie uitgesny. Die Engelse moes hierdie geweer opgetel het, want kort daarna het gerugte rondgegaan dat ek doodgeskiet is. My eie suster was na die oorlog verbaas om te hoor dat ek nog leef.

Soos vooraf beplan, het ons toe die dag anderkant die spoorlyn in Waterval se rante geskuil. Vanwaar ons in die rante was, kon ons op ons woonhuise kyk, dit wil sê, ek en Jan Taljaard s'n, en sommer vroeg-vroeg die dag toe sien ons dat Jan se huis brand. Net daarna is my huis met dinamiet opgeblaas en my buite geboue wat grasdakke gehad het, is aan die brand gesteek. Nou ja, dit was maklik om twee en twee bymekaar te sit. Toe ek die aand aan die deur geklop het, het Jan in die lig gestaan toe die deur oopgegaan het en so het hulle tenminste twee van ons herken.

Ons was woedend en as die knaap kon hoor wat ons daardie dag in die rante beplan het, sou hy nog banger gewees het. Ons het natuurlik nie geweet dat hy toe veilig in die Engelse kamp gesit het nie. Toe dit donker genoeg was het ons aanstaltes gemaak vir die terugrit. By Serfontein het ons die spoorlyn weer op twee plekke opgeblaas en is toe terug na ons mense toe.

Ons het vir 'n tydlank met die spoorbrekery aangehou, maar dit het die vyand nie veel vertraag nie. Hulle was naderhand so vinnig met die herstelwerk dat die treine baie gou weer geloop het. Generaal de Wet het gemeen dat dit nie die moeite werd was nie; ons kon hulle met ander taktiek meer skade berokken.

Gedurende 'n nag is ons almal oor die spoorlyn en het in Lindley se rigting begin trek. Ons was al naby Lindley, toe kry die generaal 'n rapport van 'n Engelse offisier uit Kroonstad, waarin gevra word vir onderhandeling met die oog op vrede. Die generaal het geantwoord dat hy hulle in die omgewing van Koppies sou ontmoet, maar dat hy later 'n rapport na Renosterkamp sou stuur om die plek en tyd van ontmoeting te reël. Ons het toe weer teruggetrek, maar die Bethlehemmers het verder getrek.

Toe ons die nag by Leeuspoort aan die hoofspoorlyn kom, het ons dit op dertig plekke gebreek en toe nog 'n entjie aangetrek tot op Geelbeksvlei. Dit was die plaas van Flip Coetser en daar het ons halt geroep. Die volgende oggend is kaptein Scheepers met besonderhede na Renosterkamp gestuur.

Gewoonlik het die Engelse so 'n persoon geblinddoek voordat hy in die laerplek ingeneem is, maar die kaptein het ons later vertel dat hy al naby die offisierstente was voordat hulle hom geblinddoek het.

Sy terugkoms was per kar en vier muile waarin die Engelse offisiere, 'n tolk en 'n hensopper was. Hierdie hensopper het ons baie goed geken en ons het ook gehoor wat sy raad aan die Engelse was: "Vang hulle vrouens, verbrand al die kos, vat al die vee en hulle sal oorgee". Sy seun, aan die anderkant, was 'n dapper kêrel in ons geledere.

Toe die generaal die verraaier sien was hy woedend. Sonder om hom aan die ander insittendes van die kar te steur en met oë wat geblits het, het hy die man op sy naam genoem en hom toegesnou: "Wat soek jy hier? Dit skeel my min of ek skiet jou net hier dood!" Die arme drommel het daarop 'n klaaglied probeer aanhef van hoe swaar die vrouens in die kampe kry en dat vrede soveel beter sou wees, maar die generaal het hom sommer in die rede geval en hom toegesnou dat hy en sy soort die oorsaak daarvan is.

Een van die Britse offisiere het toe tussenbeide getree en verneem waar hulle kon beraadslaag. Die generaal se arm het uitgeskiet na 'n verwoeste huis daar naby en hy het gesê: "In daar-

die huis wat jy afgebrand het!" Hulle het toe dadelik na die huis gegaan, maar ons wat die generaal geken het, het sommer geweet dat daar van vredesonderhandelinge net mooi niks sou kom nie. Hulle was ook net 'n klein rukkie tussen die mure toe sien ons die Engelse wegry.

Ons het dadelik bevel gekry om op te saal en ons het in Bothaville se rigting getrek. So teen sononder is daar halt geroep en ons het verneem dat die generaal ons gaan toespreek. In sy toespraak het hy ons meegedeel dat die Engelse voorstelle gans onaanneemlik was. Daar was dus net een ding oor en dit was dat ons die stryd met hernude ywer moes hervat en volhard. Die generaal het sy bes gedoen om nuwe moed in te blaas, want teen hierdie tyd was daar heelwat burgers wat afvallig begin word het. Mens kon hulle nie heeltemal verkwalik nie, want die feit dat ons byna sonder uitsondering altyd teen 'n oormag te staan gekom het, 'n gevoel van magteloosheid in die hand gewerk.

Daar was ook die kommer oor vrouens en kinders wat van hulle huise weggevoer was en onder treurige omstandighede in die konsentrasiekampe was. Om die verwoesting op die plase te aanskou waar alles wat opgebou is, verbreek en verbrand is, het nie juis gehelp om die moraal hoog te hou nie. Die feit dat ons magteloos was om die alles-vernietigende vyand se oormag te stuit, het baie hande laat slap word. Gelukkig was daar ook die bittereinders en hulle het die grootste deel uitgemaak.

Daar het die generaal ook aan ons bekend gemaak dat die plan is om na die Kaapkolonie te trek. Kaptein Scheepers en sy korps het opdrag gekry om perde bymekaar te maak en na Schoemansdrif te bring vir die burgers wat van Waterberg af te voet sou kom. Generaal de Wet is toe terug na Schoemandrif om burgers bymekaar te maak vir die nuwe veldtog. Voordat ons uitmekaar gegaan het, het die generaal vir ons 'n gebed gedoen en elke lid van die korps 'n stewige handdruk gegee. Ons het daarna koers gevat na Koppie-alleen, naby Odendaalsrus. In daardie geweste wou ons gaan perde soek.

Tysie Lourens, een van ons makkers, het so graag by huise aangery met die hoop om 'n mooi nooientjie raak te loop en bietjie te gesels. Hy het die kaptein nooit anders as Keppie genoem nie en wanneer daar 'n woning in sig kom, kon hy al te beleefd vir Keppie vra of hy nie gou kan aanry nie, want dalk kon daar 'n sussie wees. Toe ons in die geweste van Odendaalsrus kom, het Tysie weer 'n aanryplek gesien, maar hierdie keer het dit nie so voorspoedig met hom gegaan nie. 'n Engelse patrollie uit Kroonstad het hom so byna betrap. Hy het fluks onder die koeëls deurgeloop, maar darem ongedeerd daarvan afgekom. Die aanryery het toe aansienlik afgeneem.

By Koppie-alleen aangekom, is Dries Botha aangestel as sersant met vyftien man onder hom. Ek was een van die vyftien. Aan ons is opdrag gegee om in Bultfontein se wêreld perde bymekaar te maak en na Schoemansdrif te neem. Kaptein Scheepers sou met die oorblywende lede van sy korps naby Kroonstad oor die spoorlyn gaan om nog lede te werf vir die veldtog na die Kaapkolonie. Ons sou volg sodra ons taak voltooi is. Voor ons uitmekaar is op Koppie-alleen het ek nog gestaan en kyk hoe die heliografis, ene Fourie, in verbinding tree met 'n heliografis op Spitskop, naby Heilbron.

Fourie was 'n jong Kolonialer wat saam met ons kom veg het. Ek het later gehoor dat hy gevang is terwyl hy weer met die heliograaf besig was. Wat toe van hom geword het, het ek nooit gehoor nie.

Ek het nooit kon dink dat ek kaptein Scheepers daardie middag op Koppie-alleen vir die laaste keer gegroet het nie. Ons het toe al soveel dik en dun saam deurgemaak dat daar geen ander gedagte was as dat ons weer bymekaar sou uitkom. Maar dit was anders bestem.

Ons is laat die middag uitmekaar en sersant Botha het met ons in die rigting van Bultfontein getrek. Naby Sandrivier het ons by 'n plaas aangery en die huisvrou tuis gekry. Toe ek haar vra of daar perde op die plaas was, het sy ontkennend geantwoord. Ons kon dit nie sommer so aanneem nie en het begin rondkyk. Ons kry toe twee pragtige wit perde in die stal. Toe die vrou dit sien het sy begin huil en soebat en ek kon sien dat sy baie lief vir die perde was. Ek het haar bitter jammer gekry, want omdat ek self lief vir perde was, kon ek haar hartseer verstaan. In oorlogstryd moet die fyner gevoelens maar dikwels gesmoor word. Ek het haar probeer troos deur aan haar te verduidelik dat sy die perde in elk geval nie sou behou nie; as ons hulle nie vat nie sou die Engelse dit sekerlik doen.

Die grootste van die twee perde het ek vir 'n ryperd geneem en dit was so 'n sterk dier dat ek later my pakperd afgeskaf het, want hy kon my met al my benodigdhede met gemak dra. Met 'n

later geleentheid het ek agtergekom dat sy naam Spantou is. Ons het toe 'n kampplek naby Bultfontein gemaak en daarvandaan uitgegaan om perde bymekaar te maak.

Een oggend het ek, 'n sekere Hugo en Meyer uitgegaan in Theronskoppe se rigting. Ons het nie ver gery nie toe gewaar ons twee waens wat uitgespan staan. Ons het so ongemerk moontlik al nader gegaan totdat ons omtrent vierhonderd treë van die waens af by 'n hek gekom het. Byna gelyktydig met ons het daar 'n seun met n fiets verbygekom en ons het hom voorgekeer. Hy het ons toe vertel dat dit Engelse was wat daar uitgespan het, maar kon ons nie sê hoeveel hulle was nie. Al wat ons kon sien was vier naturelle wat om 'n pot gesit het. Die tommies was blykbaar in die watente.

Ons het toe dadelik ons planne agtermekaar gekry, want die twee waens wou ons nie deur ons vingers laat glip nie. Ons het elkeen vier tot vyf handperde by ons gehad en dié het ons dadelik op 'n ry getrek om die indruk te skep dat dit 'n hele klomp ruiters was. Anderkant die waens, op 'n knoppie het ons los perde gesien wei en as die Engelse lol sou ons hulle wysmaak dat 'n tweede klomp Boere agter die knoppie lê.

Een van die hangers van die hek is toe losgemaak en met 'n wit sakdoek aan die punt daarvan, is Meyer weg na die waens om hulle oorgawe te eis. Ons afspraak was dat as die vyand nie wou oorgee nie, moes hy net eenkant toe padgee. Dit sou vir ons die teken wees om hulle onder die koeëls te steek en ons het ook gereed gelê met die visiere gestel op vierhonderd treë.

Toe Meyer naby die waens kom, het een van die naturelle opgespring en agter die wa gehardloop. In 'n kits peul daar toe vier tommies uit die watent en Meyer was by met sy rapport. Die offisier vra hom toe waar sy mense was en hy wys na die hek en na die hoogtetjie waar die los perde geloop het. Hulle het dadelik oorgegee en Meyer het hulle gewere geneem. Ons het natuurlik alles gesien en was gou by.

Die naturelle is toe dadelik aangesê om in te span en Hugo het vooruitgegaan om sersant Botha van ons vangs te verwittig en om te reël waar ons mekaar moet ontmoet. Meyer en ek het toe die tommies weer in die watent laat klim en ons het getrek in die rigting vanwaar ons Dries Botha verwag het. Alles het goed gegaan by die waens. Die naturelle het die twee spanne osse flink gedryf en die gevangenes het doodstil in die tent gebly. Ons het op 'n stappie langs die waens gery. Ek was dik van die lag oor die toedrag van sake en het gewens ek kon weet wat die vier in die tent kwytgeraak het. Dat ons net drie was, met 'n klomp handperde, moes hulle gou agtergekom het.

## Hoofstuk 8

Toe ons op die bestemde plek aangekom en uitgespan het, was die eerste werk om die seile van die waens af te trek en die buit te besigtig. Daar was nogal heelwat voorraad op die waens. 'n Paar bale rybroeke wat daarby was, het ons sommer baie goed te pas gekom. Die rybroek wat ek daar geneem het, het ek gebruik solank ek aktief aan die oorlog kon deelneem.

Daar was ook 'n voorraad van die heerlikste "plumpuddings" (doekpoedings) wat ek ooit geëet het. Sigarette was daar in groot hoeveelhede en nog allerlei ander artikels. Ek het onder andere vir my daar 'n hamertjie gevat wat ek dwarsdeur die oorlog behou het. Nie lank gelede nie het ek dit aan 'n kleinseun gegee, die enigste, wat na my vernoem is.

Ons was aan die begin so besig om die goed op die waens deur te kyk, dat ons nie aandag aan die inhoud van die tente gegee het nie, maar toe ons eindelik dié ondersoek, het ons darem skeef opgekyk, In die tent waar die vier tommies in gery het, was nie minder as ses gelaaide gewere nie. Wat op aarde was vir hulle makliker as om ons uit die tent plat te skiet en hulle eie koers te gaan. Hulle het egter nie van die kans gebruik gemaak nie en die drie dae wat ons daar stilgelê het, het hulle gemoedelik saam met ons geëet, gerook en gesels.

Na die drie dae moes ons egter planne maak om haastig te vertrek. 'n Sterk Britse mag was in aantog vanaf Bloemfontein en ons moes die perde wat ons bymekaar gemaak het en wat op daardie tydstip onmisbaar was, veilig uitbring. Die twee pragtige bokwaens het ons toe aan die brand gesteek en die osse in 'n vlei gejaag. Die tommies en die naturelle het ons aangesê om te loop, maar een van die tommies het mooi gesoebat om met ons saam te gaan; ons moes hom net 'n perdgee. Sy maats het met hom gepraat, maar hy wou nou eenmaal saam. Dit was eers nadat sersant Botha sy versoek met beslistheid geweier het, dat hy aangestap het. Ons het toe heelwat oor die honderd perde bymekaar gehad en die plan was om reguit na Bothaville te trek.

Teen die aand is ons deur Sandrivier en daar het ons op 'n plaaswinkeltjie afgekom wat ook mielies in voorraad gehad het. Ons het van die mielies gevat en dit op 'n streep in die harde pad uitgeskud vir die perde. Daar is ook besluit dat ons die nag in 'n plaashuis daar naby sou deurbring. Die huis het mooi weggesteek gelê in 'n holte en dit het taamlik veilig gelyk. Die nagrus was toe ook ongestoord en toe dit die volgende oggend effens lig begin word, is 'n paar spioene uit om die wêreld te verken voordat ons verder trek.

Dit was 'n bietjie te laat. 'n Engelse mag wat van Kroonstad se kant gekom het, was so te sê op ons. Die huis kon hulle nog nie sien nie, maar die eerste bomme het al tussen die perde begin bars. Dié het dadelik op die huis afgestorm en van die burgers wat al klaar opgesaal was, het gekeer vir al wat hulle werd was, maar 'n paar het verby gebars en was verlore. Ons is dadelik weer terug oor Sandrivier en gelukkig was die bosse aan die anderkant dig genoeg sodat ons kon wegkom sonder dat die vyand ons koers kon bepaal.

Dit het toe so gekom dat ons weer by die huis waar ons die witperde gevat het, moes verbygaan. Ek was baie dors en het aangery om bietjie water te soek. Toe die vrou uitkom en die witperd sien, het sy weer aan die huil gegaan, haar hande langs die perd se kop gesit en gesê: "Spantou, my Spantou!" Ek het baie ongemaklik gevoel. Om die waarheid te sê was die perd nie in my gedagte toe ek daar aangery het nie. Ek het haar weer probeer troos en verduidelik dat sy die perd in ieder geval nie sou kon behou nie. Die Engelse het op alles beslag gelê wat ons tot hulp kon wees en so 'n sterk ryperd sou hulle die minste van alles laat staan. Nadat ek die water gedrink het, het ek sommer dadelik gery om 'n einde aan die pynlike toneel te maak. Ek was al 'n hele ent weg toe ek omgekyk het, maar die vrou het nog steeds daar gestaan en die perd agterna gestaar. Ek moet sê dat Spantou 'n perd duisend was. Later het Daan Fouire my twee ander perde en twee osse aangebied vir Spantou.

Ons het toe koers gekies in die rigting van Theronskoppe, maar bietjie later uitgevind dat ons nie agtervolg word nie en weer omgedraai. 'n Entjie hoërop is ons toe weer deur Sandrivier en het nie ver vanaf Koppie-alleen by 'n dam gekom. Daar het ons die klomp perde laat suip en ook vertoef om eers kos te maak, want dit was al laat in die middag en vanaf die vroeë oggend was ons nog steeds in die saal. 'n Paar van die perde moes die vorige nag te veel mielies gevreet het, want nadat hulle water gesuip het het die mielies begin swel en daar het 'n paar gevrek.

Soos ek reeds gesê het, was die plan om na Bothaville te trek en terwyl ons daar by die dam was, is twee spioene in daardie rigting uitgestuur. Na 'n rukkie kom rapporteer hulle dat hulle ruiters teengekom het en op hulle geskiet het. Die ruiters het toe gevlug in die rigting van Bothaville. Hierdie berig was 'n bietjie ontstellend, want ons het nie Engelse in daardie rigting verwag nie en ons wou die trek met die perde sonder versuim voortsit.

Met ons vertrek was ons baie versigtig. Die sorg van die trop perde is aan 'n paar manne oorgelaat en ons ander het vooruitgegaan om reg te staan vir enige gebeurlikheid. Die perde was broodnodig vir ons burgers en ons was behoorlik op ons hoede. Ons kon egter nie 'n teken van die vyand gewaar nie en sodoende kon ons weer asemhaal. Laterig die aand het ons by 'n plaas naby Bothaville aangegaan. As ek reg onthou het die huisgesin bestaan uit net 'n ouerige man, 'n vrou en 'n jong meisie.

Nou ja, daar was darem ook tyd vir 'n grappie. Dries Botha, met 'n tolk byderhand, het gaan aanklop en toe die oom die deur oopmaak, het Dries hom in Engels aangespreek. Hy wou van hom weet of daar boere in die omtrek was. Die oom het ontsteld gelyk, maar oor en oor die versekering gegee dat daar geen Boer in die nabyheid was nie. Toe sersant Botha naderhand oorslaan na Afrikaans en sê dat ons self boere is, wou die oom dit eers nie glo nie. Maar toe hy oortuig was dat dit wel die waarheid is, het hy dadelik laat soek na 'n jong man wat die bosse ingevlug het, toe ons gewaar is. Toe die kêreltjie terugkom het, het ons baie lekker gelag en hy saam met ons. Dit kom toe uit dat kaptein Jacobs op Bothaville gestasioneer was en dat die vriend een van die kaptein se manne is.

Hy het ons ook vertel dat daar geen vyand in die geweste was nie, maar dat hulle nie so seker was van toestande in die rigting van Koppiealleen nie. Dieselfde middag het hulle spioene uit gehad in daardie rigting en daar is op hulle geskiet. Dit was dus te verstane dat die kêreld groot geskrik het toe hy perde ruiters gewaar het. Ons aan die anderkant, het toe geweet dat dit ons spioene was wat hulle medespioene onder die koeëls gesteek het. Almal was heerlik

ontspanne en die oom het ons 'n kamp gewys waar ons die perde kon hou vir die nag. Slaapplek het ons buite onder die bome gemaak en geslaap tot laat die volgende oggend. Dit was 'n heerlike nagrus en die rustigheid daarvan het 'n pynlike verlange na mens se eie tuiste laat ontstaan.

Daardie dag het ons deur Bothaville getrek tot omtrent twee myl uit op die pad na Leeudoornstad. Daar het ons vir twee weke gekamp, want ons moes wag vir die rapport wat die presiese plek en tyd sou aandui waar ons die perde moes afgee.

Intussen het ons goed kennis gemaak met kaptein Jacobs en sy mense. Ons het hulle verskeie aande op die dorp gaan besoek en wat ek nooit sal vergeet nie, is hulle pragtige koorsang. Onder die lede van die koor was 'n sekere Bekker van Parys en ek kon my verluister na die heldere stem van die man. Vandag nog is dit of ek hom duidelik die woorde hoor sing: "Al moet ek deur die doodsdal gaan".

Daar was ook die aande dat hulle uitgery het na ons toe. Dan het ons van die basterskape geslag wat daar in die rantjies geloop het. Dié goed was so wild dat hulle geskiet moes word. Dit was 'n aangename tydjie. Daar is met mense kennis gemaak wat jy nooit weer sou sien nie, maar tog altyd sou onthou. Woorde soos Brit, Engelsman, tommie, vyand en hensopper het net nie hier ingepas nie. Vir dié rukkie het mens net met jou mede Afrikaner verkeer by wie jy tuis en welkom gevoel het.

Na twee weke het die rapport gekom dat ons die perde na Schoemansdrif moes bring soos die oorspronklike reëling was. Ons het toe afskeid geneem van kaptein Jacobs en sy burgers en ek het nooit weer iets van hulle verdere wedervaringe gehoor nie. Met ons aankoms te Schoemansdrif, was daar al 'n hele klomp burgers bymekaar asook die wat te voet vanaf Waterberg gekom het. Laasgenoemde burgers was baie bly om 'n ryding in die hande te kry. Sommige van die perde was nie geleerd ne, maar niemand het hom daardeur laat afskrik nie. As daar net eers 'n riem om sy nek was, was die saak gewonne. Ons het die perde in 'n kraal gejaag op die plaas van 'n sekere Botha en die burgers kon toe elkeen vir hom 'n perd kom vang. Nou was dit so dat die ongeleerde perde byna voor die voet sterk, uitgegroeide diere was en die burgers wat 'n perd kon hanteer het almal probeer om van die ongeleerdes in die hande te kry. So 'n perd is dan dadelik aan 'n makke gekoppel en as jy weer sien ry die burger sy ingebreekte perd.

Generaal de Wet het aan ons klompie wat die perde gebring het, verlof toegestaan vir veertien dae. Net vier van ons het daarvan gebruik gemaak. Die ander het almal al sekerheid gehad dat hulle vrouens reeds in die konsentrasiekampe was en het geen lus gehad om na die verlate plase te gaan nie. Ons vier het dit toe nie gelukkiger getref nie; alles was verlate en verwoes.

Wat alles deur 'n mens se hart gaan by die aanskoue van soveel verwoesting en die stille afwesigheid van jou dierbares, is moeilik om te beskryf. Daar was 'n opstandigheid in my. Die klein rukkie waarin ek geluk gesmaak het, was so kort en daar het ek nou gestaan by die bouvalle van my drome en 'n groot, leë stilte. Die lewe moes egter voortgaan.

Generaal de Wet het toe besluit om die burgers in klein kommandotjies op te deel en ons vier het toe maar die twee weke so rond gekuier by verskeie van die kommandotjies. Nadat die veertien dae verstreke was, het ons vier koers gevat agter kaptein Scheepers aan. Ons wou saamtrek na die Kaapkolonie soos dit afgespreek was. Naby Winburg het ons omgedraai. Die aarde was so oortrek van Engelse dat daar geen hoop was om deur te kom nie. Ons het toe gaan aansluit by Salie Smit se kommando, dit was 'n Heilbronse kommando.

Daar het kommandant Mentz my aangestel as korporaal en kort daarna as assistent veldkornet. Ons bedrywighede het toe hoofsaaklik daaruit bestaan om die vyand waar moontlik, lastig te val. Groot gevegte teen so 'n oormag was toe heeltemal uit die kwessie, maar glo my, die klein vinnigbewegende kommandotjies kon lastig wees vir die vyand. As die Engelse uittrek van Heilbron af, het ons hulle van die kante af gepeper totdat hulle Kroonstad se distrik binnegaan. Dan het die Kroonstadse kommandos weer oorgeneem en so het dit aangegaan.

Ons kamp was op die plaas Uitkyk van Tys Uys en ons het 'n geruime tyd daar gebly. Op 'n keer het ons weer die vyand agternagesit na Kroonstad en met die terugkom het ons by die plaas Zwakfontein, van Kerneels Uys, aangegaan. Die huis was toe al afgebrand, maar die vrouens het los sinkplate teen die mure gepak en daaronder gewoon. Met ons aankoms was daar egter nie-

mand tuis nie, want die vrouens het gevlug vir dieselfde Engelse wat ons agtervolg het.

Een van die burgers, Kootjie Pretorius, was baie nuuskierig van aard en toe ons by die verlate huis kom, was hy weer eerste om te gaan kyk wat daarbinne aangaan. Ek sê daarbinne, want die mure van die huis het nog gestaan. In een van die vertrekke was daar 'n hansvulletjie wat seker maar te bly was om eer mensestemme te hoor en hy het begin rondbeweeg. Kootjie het die roering gehoor en gemeen dat hy hom in verskuilde Engelse vasgeloop het. Hy het met 'n geweldige vaart die gang afgekom, maar met sy vlug het sy geweer dwars gedraai en mooi weerskante van die voordeur vasgehaak. So 'n behoude uitdrukking het ek selde op 'n mens se gesig gesien, want die vulletjie het agter hom aangekom en hy het homself nie die tyd gegun om om te kyk nie. Met 'n kragpoging het Kootjie losgeruk en is uit. Maar waar het ons heerlik gelag toe die onskuldige ou vulletjie in die voordeur staan.

## Hoofstuk 9

Nou het dit soms gebeur dat ons vir dae stilgelê het omdat geen vyandelike magte uitgetrek het nie. Dan het ons ons besig gehou met klere heelmaak, hare sny, perde beslaan en so meer. Maar daar was ander tydkorting ook.

Ek het 'n paar burgers onder my gehad wat 'n handvol was. Onder hulle was daar 'n paar ouerige ooms wat nie oor veel humor beskik het nie en van die burgers kon hulle soms geniepsig onder die tong laat deurloop. Daar was die kere wat ek jammer vir hulle gevoel het, want 'n mens was seker maar soos jy gebore is – met of sonder humor. Dan was daar Hendrik Taljaard, 'n karnallie van die eerste water. Ek moes gedurig 'n oog oor hom hou, want hy was gedurig besig om een of ander van die burgers 'n poets te bak en dit kon soms rof gaan. Maar ek was tog baie lief vir Hendrik, want met al sy streke het hy my baie lekker laat lag.

Terwyl ons daar op Uitkyk was, het een van die bogenoemde ooms my kom vra om tog sy perd vir hom te beslaan. Ek het dit vir hom gedoen en net toe ek klaar was, het Hendrik bygekom en dadelik gevra: "Oom K. gee my daardie nuutbeslaande merrie van jou dan gaan ek gou ons perde bymekaarmaak."

Nou was die verhouding tussen die twee van so 'n aard dat dié vraag genoeg was om oom K. briesend kwaad te maak. Hy het toe ook bitsig geantwoord: "Nie vir jou nie Hendrik Taljaard! Ek gaan self perde toe, maar ek sal net my en Kassie (dis nou ek) se perde bring." Oom K. is toe ook op die merrietjie en daar weg.

Hier wil ek net eers sê dat ons perde 'n hele ent van die laerplek af teen 'n hoogte geloop het. Bo-op die hoogte was ons twee brandwagte, Jan Taljaard en Kassie Roodt. Ek het oom K. so 'n rukkie gestaan en agternakyk en dit kom toe sommer in my op dat ek na Hendrik moet oplet. Toe ek begin rondkyk, sien ek hom net wegraak tussen die bome in die rigting van die laagte. Blykbaar het niemand anders dit gemerk nie en ek het maar stilgebly.

Toe oom K. by die perde kom, was hy goed genoeg om die hele klomp by mekaar te maak. Een perd het bietjie opsy geloop en toe die oom wegdraai om hom aan te keer, val daar skielik 'n skoot vlak voor hom dat die stof so staan. Oom K. het die merrie dadelik tot stilstand gepluk en in die paar oomblikke waarin hy wou besluit watter rigting die veiligste sou wees om te vlug, het 'n tweede skoot agter hom grond gevat. Dit was vir die oom genoeg. Met 'n wilde vaart het hy die wêreld gedeel na die brandwagte se kant toe en met die verbyjaag het hy vir hulle geskree: "Julle sit hier en slaap! Die aarde wemel van die Engelse!"

Ek het die hele spulletjie aanskou en in stilte heerlik gelag. Maar toe ek sien oom K. vat koers na die brandwagte, het ek geweet dat ek nou iets moes doen of dit gaan 'n hele konsternasie afgee. Ek het haastig 'n betroubare kêreltjie laat deurjaag na die brandwagte om vir hulle te sê dat daar geen gevaar was nie, maar ek het gemerk dat die burgers om my onrustig was.

Intussen het Hendrik weer uit die bosse te voorskyn gekom en doodluiters met ons saam gesels oor wat nou eintlik kon gebeur het. Ek het hom met my oog gevang, maar niks gesê nie. Ons het nog so gestaan en gesels, toe kom oom K. uit 'n Westelike rigting die kamp ingejaag. Indien mens nou in aanmerking neem dat hy die kamp in 'n Oostelike rigting verlaat het, kan jy min of meer 'n denkbeeld vorm van die distansie wat hy in die tydjie afgelê het.

Hy het ons dadelik verwyt dat ons lê en slaap terwyl dit wemel van die Engelse en ek het gevoel dat ek hierdie ding gesus moes kry. Om sake so natuurlik as moontlik te laat verloop en die burgers weer gerus te kry, het ek bevel

gegee om op te saal en die plek waar die vyand blykbaar moes skuil, te storm.

Alles het natuurlik op niks uitgeloop nie en ek het die burgers gevra om oom K. met rus te laat oor die vals alarm. Ek het self ook nie met hom gepraat nie, want dit was maar 'n vrugtelose affêre om met hom deurmekaar te raak. Daardie aand het ek Hendrik eenkant toe geroep en hom 'n goeie skrobbering gegee. Dit was nodig dat ek dit moes doen, want Hendrik moes op een of ander manier in toom gehou word. Maar ek glo nie dat ek ooit baie oortuigend was wanneer hierdie soort optrede nodig geword het nie. Na alles was Hendrik 'n bron van vermaak in 'n tyd toe daar omtrent niks was om die aandag van die ellende en verydeling af te trek nie.

Hoe dit gekom het, weet ek nie, maar die ander ou oom het bietjie later agter die hele ding gekom en dit aan oom K. vertel. Toe was dit vir jou 'n spul! Oom K. wou onder geen omstandighede langer met Hendrik saamleef nie en hy en sy ou maat het my genader met die versoek dat ek hulle toestemming gee om by 'n ander kommando aan te sluit. Om die waarheid te sê was ek bly dat die twee dié plan gekry het, maar voor ek nog kon antwoord, het oom K. sy aansoek gewysig. Hy het toe weer aangebied dat hulle twee op 'n rant daar naby op hulle eie sou gaan bly en as brandwagte dien. Ons kon dan doodgerus wees in daardie rigting; ons kon op hulle reken, maar hulle wou net nie bly waar Hendrik Taljaard was nie.

Ek het hulle geredelik toestemming gegee, maar sou natuurlik nie op hulle staatmaak as brandwagte nie. In my binneste was ek klaar vol lag vir wat sou gebeur as daar iets op die rantjie moes verkeerd gaan. Die twee het toe vertrek na hulle eie kampplek en vir 'n paar dae was alles stil.

Dit was of die ongeluk altyd die twee agtervolg het. Daar in die omtrek het 'n klompie los perde geloop en een nag, terwyl dit gereën het, het dié perde dit in die kop gekry om teen die rant van oom K. hulle uit te hardloop. Wat daar alles die nag op die rant plaasgevind het, kon ons nooit uitvind nie, maar ek sou wat wou gee om daar te kon gewees het. 'n Paar vroue wat nog daar in die nabyheid gewoon het, het ons later vertel dat die ooms daardie nag in gehawende toestand by hulle aangekom het. Die een was kaalvoet en die ander een het net een skoen aangehad.

Die volgende dag was oom K. en sy maat terug by ons. Om hulle nie te ongemaklik te laat voel nie, is daar niks van die nagtelike avontuur gepraat nie, maar almal was dik van die lag. Hulle het self ook nie 'n woord gerep nie en ewe inskiklik saam met Hendrik kom leef.

'n Rukkie hierna het ons op 'n dag 'n Engelse patrollie gewaar en om hulle mooi onder skoot te kry, het ons besluit om posisie te gaan inneem op Jan Combrinck se plaas. Daar was bosse waaragter ons onsself kon versteek. Met die regmaak vir die stormjaag was die twee ooms ewe ywerig, maar toe ons die bosse nader, het hulle skielik weggeswaai na 'n paar bantoehutte wat hoër op teen die bult gestaan het. Die Engelse het 'n kanon by hulle gehad en waar wou jy 'n beter skyf gehad het as twee ruiters teen 'n kaal bult! Dit was ook nie lank nie en nét voor hulle die hutte bereik, bars 'n bom vlak voor hulle. Dit was 'n yslike stofwolk en hulle was natuurlik in lewensgevaar, maar toe die stof lig en ons sien hoe die twee platlê soos hulle terugjaag kampplek toe, het ons onbedaarlik gelag.

Eintlik was dit die dag 'n dubbele grap. Met die stormjaag was Krisjan Bester heel voor met sy vaal merrie en hy het gepyl na die boom waarin ons spioene altyd geklim het. Toe hy die boom bereik, het hy ook geklim vir al wat hy werd was met sy verkyker byderhand. Hy was skaars bo toe die onverwagte bom by hom verby fluit en Krisjan het net so laat los daarbo en met verkyker en al op die grond te lande gekom. Na die grappies het ons die tommies onder die koeëls gesteek, 'n hele paar van hulle doodgeskiet en toe het die oorblywendes teruggevlug na Heilbron.

Teen die tyd was die vyand baie bewus van ons teenwoordigheid in daardie omtrek en ons het dit nie meer veilig geag om elke nag op dieselfde plek te slaap nie. Dan was daar ook die verraad dat ontroue burgers, sodra hulle uitgevind het waar ons kampplek is, die vyand daarvan verwittig het. Daar is toe ooreengekom dat die leiers teen die aand se kant bevel moes gee om op te saal en dan te trek sonder dat 'n enkele burger weet waarheen. Waneer die leier dit dan goeddeunk, word daar halt geroep en geslaap. Hierdie ontrouheid van sommige burgers was vir ons meer as veragtelik. Die naarste van alles was dat mens 'n idee gehad het wie verdink word.

So het ek een aand met my klompie burgers vir 'n slaapplek gesoek. Die plek waar ek halt geroep het, was nie te ver vanaf oom K. se ou maat sê maar oom P. se huis nie en sy vrou was nie

gevang nie. Oom P. het toe verlof kom vra om vir die nag bietjie huis toe te gaan. Ek het dit toegestaan, want hy het al verskeie kere verlof daartoe gehad en het altyd stiptelik betyds teruggekom. Dit was duidelik dat hy dit veiliger geag het tussen die burgers as by sy huis. Oom P. was skaars weg of hier is Hendrik Taljaard. 'n Tante van hom, wat ek baie goed geken het, het ook daar naby gewoon en Hendrik wou haar dan so graag gaan sien en sommer iets te ete ook kry.

Ek het eers botweg geweier, want ek het onmiddellik vermoed dat dit nie om dowe nete was nie. Maar Hendrik het my nie met rus gelaat nie. Hy sou dan 'n boodskap van sy tante gekry het dat hy skoon klere en brood wat sy vir hom gebak het, moes kom haal. Ek het vir Hendrik goed geken, maar daardie aand was hy so oortuigend dat ek hom naderhand geglo en verlof toegestaan het. Hendrik was net 'n rukkie weg, toe kom Antonie Meyer ook verlof vra. Nou ja, met Antonie het ek nooit moeite gehad nie en ek was bewus daarvan dat sy vrou by Hendrik se tante in die huis bly. Hy kon dus gaan.

Die twee het egter ander planne gehad. Hendrik het 'n oog op oom P. gehad omdat hy met die vorige kaskenade aan oom K. verklap het en hy wou hom terugbetaal. Antonie sou hom bystaan. Dit was bekend dat oom P. Nooit in sy huis geslaap het as hy verlof gehad het nie. As hy saans met huisgodsdiens klaar was, het hy in die veld gaan slaap. Hendrik en Antonie het dit ook geweet en toe gesorg dat hulle toeslaan voordat hy veld toe gaan.

Onderwyl oom P. toe die aand met Godsdiens besig was, was daar onverwags 'n dawerende geklap van perdepote. Die uiters het al om die huis gejaag en mekaar duidelik hoorbaar in Engels aangespreek. Oom P. was aan die lywige kant en met die gevaar so op sy hakke, het hy die boeke net so gelos om hom in alle haas te probeer versteek. Die laaste en naaste plek was onder die rusbank, maar daar kon die oom nie inkom nie. Die katels het hy vermy omdat dit 'n te bekende wegkruipplek was en toe het hy die die oond probeer. Ongelukkig het sy vrou die dag gebak en dit was nog te warm.

Intussen het die gejaag maar voortgegaan en hoe benoud en uitasem die oom moes gewees het, kan mens jou voorstel. Hy het egter 'n laaste plan bedink. Teen die agtermuur was 'n stut gebou en hy het die agterdeur op 'n skrefie oopgemaak, sy kans afgewag en toe uitgeglip om inmekaar in die donker hoekie te sit. Net met die volgende keer dat hulle om die huis kom, het Hendrik se skerp oë hom raakgesien en sy perd ingetrek. Ewe ongeërg het hy toe gevra: "Oom P., weet jy nie waar Antonie is nie?" Oom P. was glo buite homself toe hy sien wié dit was en het met 'n bulderende stem geskree: "Hendrik Taljaard! Waag jy dit nog om te praat! Ek skiet jou nou dat jou longe spat!" Hendrik wat alles in een oogopslag waargeneem het, vra toe weer ewe kalm: "Maar waar is jou geweer oom?"

Die hulpelose woede van oom P. moes erg gewees het, want die twee het hulself vinnig skaars gemaak. Die volgende oggend was oom P. vroeg terug en hy het my in alle erns vertel van sy rondvlugtery in die huis. Hy het ook gedreig om my te rapporteer omdat ek nie orde oor Hendrik kon hou nie. Ek het bitter swaar gekry om die petalje aan te hoor sonder om te lag maar aan die anderkant het ek tog ergerlik gevoel vir Hendrik omdat hy my so om die bos gelei het en omdat hy die oom met sy boekevat gaan steur het. Buitendien kon daar 'n tragiese gevolg gewees het as oom P. na sy geweer gegryp het. Van toe af het ek Hendrik behoorlik vasgepen.

## Hoofstuk 10

Terwyl ons daar op Uitkyk was, het Faan Fourie vir ons velle gelooi en hy kon dit werklik goed doen. Sy kuip het hy so goed weggesteek dat dit lank geneem het voor die vyand dit ontdek en verwoes het. My rybroek wat ek by die waens naby Theronskoppe gevat het, het naderhand aan die binnekant van die bene begin deurskuur teen die saal. Ek het toe die plekke oorgetrek met gelooide skaapvel wat Faan voorsien het. Gare was daar nie en ons het van die rugsenings van 'n bees gebruik. Dit is eers goed drooggemaak en dan gebrei tot dit sag is. Dit het dan self in drade verdeel.

Ons hare het ons maar kort gehou. Ten eerste was luise volop en dan was daar nie altyd die kans om behoorlik te was en kam voor ons op die perde spring nie. In sulke halsoorkopgevalle het kort hare beslis minder verwaarloos gelyk. Om hare te laat skeer was 'n eenvoudige proses. Die burger gaan sit op 'n klip en sy maat skeer sy hare so kort as hy kan. Hierdie werksaamhede het ons altyd laat oorstaan vir dae wanneer daar nie veel te doen was nie, en dit was nie aldag nie.

Op 'n keer het die brandwagte kom rapporteer dat vyf ruiters vanaf die spoorlyn se kant aan-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 4, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gery kom. Ek het dadelik vier van my burgers geneem en ons vyf het so gery dat ons die vreemde ruiters van die treinspoor kon afsny. Ons het daarin geslaag om ongemerk tussen hulle en die spoorlyn te kom en toe ons hulle vanaf die spoorlyn se kant in die oog kry, sou ons sien dat dit Bantoes is. Nou ja, 'n gewapende Bantoe in daardie tyd het 'n Boer se bloed laat kook. Die arme vrouens wat nog op plase was, moes bittere dinge verduur van die barbare en ons het nie 'n kans laat verbygaan om hulle in die hande te kry nie.

Toe die Bantoes ons gewaar, was hulle al vyf op die grond. Vier van hulle het op hulle perde gespring en weggejaag, maar die vyfde een het bly sit. Ek moet sê dat hy seker 'n dringende behoefte moes gehad het om in die omstandighede te bly sit, want hulle het goed geweet dat ons geen genade vir hulle betoon nie. In elke geval, ek sê toe drie van my manne aan om die vier voortvlugtendes in te jaag. My perd was nie van die beste nie en ek sou met die agterblywende een afreken.

My swaertjie, Daan Roodt, het by my gebly. Hy was omtrent so sewentien jaar oud. Ek sit toe dadelik duisend treë se visier op en met die eerste skoot het ek gesien dat my distansie reg was; die stof het by hom uitgeslaan. Die knaap het toe opgespring en na sy perd gehardloop. My tweede skoot het die perd getref, maar hy kon nog oor die weg kom. Daan en ek het toe op ons perde gespring om hom in te jaag. Toe ons omtrent driehonderd treë van hom af was, het dit gelyk of die perd gaan sit. Later het ons vasgestel dat sy been toe heeltemal gebreek het.

Die Bantoe het toe afgespring en agter 'n miershoop posisie in te neem en glo my hy was vinnig! Hy het skaars grond gevat agter die miershoop toe skiet hy al op ons. Ons het dadelik afgespring om te skiet, maar die perde was verbouereerd van die skietery en met 'n rukkende perd aan die arm is dit maar moeilik om 'n suiwer skoot te skiet. Ons het in elk geval ons bes gedoen om hom te tref en net toe ek weer buk om korrel te vat, was ta klaar en skiet my deur my geweerkolf en deur my bobeen. Dit was gelukkig 'n vleiswond en ek was dus nog heeltemal gereed om die ding end-uit te veg. Byna gelyktydig met die skoot wat ek gekry het, het die Engelse van agteraf op ons twee begin skiet. Ek skree toe vir Daan, wat 'n endjie van my af was, dat ons moes uitjaag en net met die wegtrek het die Bantoe byna weer 'n treffer behaal; hy het skrams langs Daan verbygeskiet.

Die vabond het toe onmiddellik die veld aan die brand gesteek en nog skote op ons geskiet. Daar het vir my en Daan 'n rowwe tydjie voorgelê. Die Engelse het geskiet, die Bantoe het geskiet en kan ons eie mense wat in die rook van die veldbrand nie mooi kon uitmaak wie wie was nie, het ook op ons geskiet. Hulle het gelukkig gou agtergekom wat gaande was maar ek kon nie help om die duiwel in te wees nie.

My been het baie gebloei, maar ek het my toe nie daaraan gesteur nie. In my woede het ek net wraak gesweer teen die Swarte. Toe ek by my ander burgers kom, het ek almal aangesê om te klim en die Swarte te gaan soek. Hy moes doodgeskiet word. Ons kon egter geen spoor van die knaap kry nie. Die Engelse was natuurlik sy redding.

Ek het toe van die ander drie burgers, wat die vier Swartes agternagesit het,verneem dat hulle in dieselfde Engelse wat op my en Daan geskiet het, vasgejaag het. Hulle het gelukkig daarin geslaag om uit te kom sonder 'n skraap aan hulle. Die perd van die Bantoe was nog daar en ons het hom doodgeskiet, want sy been was sleg gebreek. So het die vyf Swartes almal ontkom deurdat die Engelse so ontydig daar opgedaag het.

Aan die saal van die Bantoe was twee hoenders vasgemaak. Die een was al dood, maar 'n grys hennetjie het nog geleef. Ek het haar losgemaak en saamgeneem na ons laerplek op Uitkyk. Die beste wat ek vir haar kon doen was om haar in die populierbos te los. Na die oorlog toe ek weer op my plaas was, het Antonie Meyer my laat weet dat ek my hennetjie moes kom haal. Sy was nog altyd daar en springlewendig.

Die oliekannetjie van my geweer waardeur die koeël van die Bantoe gegaan het, het ek saam met die hamertjie, vyl en ander kleinighede in 'n klipmuur op Uitkyk toegestapel. Na die oorlog het ek dit alles net so gekry behalwe die oliekannetjie.

Maar om tot ons verdere bedrywighede terug te kom; soos ek reeds gesê het, was die Swartes 'n ernstige plaag en ons het geen opoffering ontsien om hulle te betrap nie. Maar ek moet hier byvoeg dat hulle sluwe kalante was. Dit was natuurlik omdat hulle die resep geken het van wat gebeur as hulle in Boer se kind se hande geval het. Daar was ook van hulle wat verduiwels goed kon skiet.

Graag wil ek dit hier stel dat ek uitsluitlik praat van Swartes wat onder wapen was en aan Engelse kant probeer veg het. Oral op die plase was daar nog goeie en getroue skepsels vir wie mens moeite sou doen en sou help waar nodig. Nie te ver van ons af nie was 'n plaas waar baie ryp vrugte was en dit kom ons ter ore dat die Swartes daar gaan vrugte haal. Ons was sommer dadelik reg om hulle te gaan voorlê. 'n Deel van die burgers het hulle op die vrugteplaas gaan versteek en vyf van ons het verder gery om met perde en al in 'n afgebrande hut te gaan wegkruip.

Ons was werklik nie lank in die hut nie of daar kom 'n bokkiekar aan met twee Swartes daarop. Hulle was duidelik op pad om te gaan vrugte haal, en ek het my manne gesê om nie te skiet nie. Dit sou onnodige geraas maak, want hulle sou sekerlik hulle moses by die perskeboord teëkom. Net 'n rukkie of daar kom vyf Bantoes te perd uit dieselfde rigting as die kar. Ons sou toe wag totdat hulle regoor ons kom en hulle dan omkap. Toe hulle omtrent nog vierhonderd treë van ons af was, skiet die agterste burgers op die twee met die kar en die vyf ruiters pluk hulle perde om en jaag weg.

Ons het onmiddelik geskiet en een uit die saal gelig. Maar die ander vier het aangehou met jaag. Ons het geskiet totdat ons visiere op vyftienhonderd treë was, maar kon die swernote nie tref nie. Nou moet ek sê dat dit 'n moeilike skietery was. Ons moes deur die venstertjie van die hut skiet en ons almal weet watter kleinvenstertjie die ou nasie maak. Maar wat dit nog ongemakliker gemaak het, was die gekweste knaap wat redelik sekuur geskiet het en al sy aandag op die venstertjie toegespits het.

Nadat die ander vier al weg was, het hy so akkuraat geskiet dat dit gevaarliker was om voor die venstertjie te kom. Ek het naderhand begin wonder wat op die agterste plaas aangegaan het. Ons het skote hoor val en toe het dit stil geword en stil gebly. Ek het Bennie van der Merwe aangesê om uit te jaag en te gaan kyk wat daar aangaan. Met die wegspring het die Swarte sy perd onder hom doodgeskiet, ek sal nooit vergeet nie, die perd se naam was Velviool. Bennie het toe op hande en voete teruggehardloop na die hut toe, maar met 'n spoed wat ons laat kruip het van die lag.

Ons het naderhand baie vies geword vir die skepsel se geskiet en Niklaas Viljoen het toe op sy maag om die hoek van die hut geseil. Die knaap moes seker net die venstertjie dopgehou het, want hy het Niklaas nie gesien nie en toe die skoot klap, was dit klaar met ta. Niklaas het hom ook net betyds stilgemaak, want die Engelse moes van die spoorlyn se kant af gesien het waar die skietery aan die gang was en hulle het 'n kanon op ons gesit. Ons is toe haastig daar weg. Bennie het nog gou sy saal gegryp voordat hy agter op 'n ander perd gespring het.

Toe ons oor die bult gaan, het ons die twee perde wat die bokkiekar getrek het gesien wei en gewonder wat daar gebeur het. Ons het die perde uitgespan om vir Bennie 'n ryperd in die hande te kry en is toe verder. Die aand by die laer het ons gehoor dat die ander burgers net kans gehad het om die twee op die bokkiekar dood te skiet en toe vinnig moes padgee vir 'n sterk Engelse patrollie wat op hulle afgekom het.

Dit was al 'n hele ruk dat ons veiligheidshalwe elke aand op 'n ander plek geslaap het, maar die wêreld het naderhand so warm geword dat ons dit raadsaam geag het om ook ons kampplek te verskuif. Ons het toe besluit op die plaas Zwakfontein, van Kerneels Uys. Hierdie plaas was verder van die treinspoor af as Uitkyk en ons sou ook meer beweegruimte hê.

Min het ek geweet watter verpletterende tyding vir my op Zwakfontein wag. Ons spioene het twee vroue wat met 'n kar vanaf Kroonstad se kamp gekom het, aangehou en laer toe gebring. Dit is gedoen omdat ons geweet het dat vroue wat eenmaal in die kamp was, nie verlof gekry het om uit te kom nie, tensy hulle 'n doel dien. Ek het hulle albei goed geken en van hulle die droewige tyding gekry dat my vrou in die kamp op Kroonstad oorlede is.

Vir my het dit gevoel of alles in duie gestort het. Die lewe wat ons so kort gelede saam begin het, sou nie verder voortgesit word nie. Daar was nou geen blye herontmoeting om na uit te sien nie en wat sou van my kindjie in die kamp word? Sou daar iemand wees om na haar om te kyk? Daar was soveel sterfgevalle in die kampe dat ek nie geweet het of daar nog bekendes in die lewe was wat vir haar kon sorg nie. Dit was donker dae daardie; dae wat my laat voel het of ek geen doel meer in die lewe het nie. Ek het egter daardeur geworstel om maar weer die stryd voort te sit, saam met my goeie kamerade.